Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Republic of South Africa ◆ Republiek van Suid-Afrika

# Government Gazette Extraordinary

# Buitengewone Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(REGULATION GAZETTE No. 568)

Price 10c Prys
Overseas 15c Oorsee
POST FREE — POSVRY

(REGULASIEKOERANT No. 568)

VOL. 18.] PRETORIA, 22 OCTOBER 22 OKTOBER 1965. [No. 1265.

## PROCLAMATIONS

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF OF SOUTH AFRICA.

No. R. 253, 1965.]

### PROHIBITION ON THE EXPORT OF MEAT AND MEAT PRODUCTS.

Under the powers vested in me by section *thirty-three* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, I hereby prohibit the exportation from the Republic of beef and veal, cattle and calf offal and all meat products manufactured from beef and veal and cattle and calf offal, with the exception of canned meat products, except by the Livestock and Meat Industries Control Board, referred to in section 3 of the Livestock and Meat Control Scheme published by Proclamation No. R. 200 of 1964, or by a person authorised thereto by permit, the issued of which shall be in the discretion of the said Board, or otherwise than in accordance with conditions determined by it: Provided that such exports may be effected only against the total quantity of beef and veal, cattle and calf offal and meat products manufactured from beef and veal and cattle and calf offal which the Minister of Agricultural Economics and Marketing may from time to time approve for export: Provided further that beef and veal, cattle and calf offal and meat products manufactured from beef and veal and cattle and calf offal supplied in the harbours of the Republic to ships for use on such ships shall be excluded from the operation of this prohibition.

I do hereby further make known that this prohibition shall come into operation on the date of publication hereof.

Proclamation No. 3 of 1963 is hereby repealed.

Given under my Hand and Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Fifth day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-five.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in Council.

D. C. H. UYS.

A—7171808

## PROKLAMASIES

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. R. 253, 1965.]

### VERBOD OP DIE UITVOER VAN VLEIS EN VLEISPRODUKTE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie-en-dertig* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, belet ek hierby die uitvoer uit die Republiek van bees- en kalfsvleis, bees- en kalfafval en alle vleisprodukte vervaardig van bees- en kalfsvleis en bees- en kalfafval, met die uitsondering van ingemaakte vleisprodukte, behalwe deur die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede vermeld in artikel 3 van die Vee- en Vleisreëlingskema, afgekondig by Proklamasie No. R. 200 van 1964, of deur 'n persoon wat daartoe gemagtig is deur 'n permit, wat na goeddunke deur genoemde Raad uitgereik word, of andersins as ooreenkomstig voorwaardes deur genoemde Raad bepaal: Met dien verstande dat sodanige uitvoere alleen kan geskied teen die totale hoeveelheid bees- en kalfsvleis, bees- en kalfafval en vleisprodukte vervaardig van bees- en kalfsvleis en bees- en kalfafval wat die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking van tyd tot tyd vir uitvoer mag goedkeur: Voorts met dien verstande dat bees- en kalfsvleis, bees- en kalfafval en vleisprodukte vervaardig van bees- en kalfsvleis en bees- en kalfafval wat aan skepe in die hawens van die Republiek vir gebruik op sodanige skepe voorsien word van die toepassing van hierdie verbodsbepaling uitgesluit word.

Voorts maak ek hierby bekend dat genoemde verbod in werking tree op die datum van publikasie hiervan.

Proklamasie No. 3 van 1963 word hierby herroep.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vyfde dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

D. C. H. UYS.

1—1265

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 258, 1965.]

## REGISTRATION OF EXPORTERS OF CANNED FOODSTUFFS, THE CANCELLATION OF CERTIFICATES OF REGISTRATION AND PROHIBITION ON THE EXPORT OF CANNED FOODSTUFFS.

Under the powers vested in me by section *six* of the Agricultural Produce Export Act, 1959 (Act No. 10 of 1959), as amended, I hereby—

(1) require any person who exports canned foodstuffs, as defined in the Schedule hereto, to be registered with the Secretary for Agricultural Economics and Marketing as an exporter of canned foodstuffs;

(2) prohibit any person from exporting canned foodstuffs unless he is in possession of a certificate of registration as an exporter of canned foodstuffs, issued by the Secretary for Agricultural Economics and Marketing, or by an officer of his department designated by him, in the form set out in the Annexure hereto; and

(3) prescribe the conditions with which a person shall comply before he may be so registered, the period for which such a registration certificate shall remain valid and the circumstances under which such a certificate may be cancelled, as set out in the Schedule hereto.

Proclamation No. 281 of 1957 is hereby repealed.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Fifteenth day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-five.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

D. C. H. UYS.

### SCHEDULE.

1. "Canned foodstuffs" means the canned products consisting of—

(*a*) fruit, fruit pulp, fruit sauce, fruit juice, fruit juice concentrate, fruit jam and conserve, jelly, marmalade;
(*b*) vegetables, vegetable purée, vegetable paste, vegetable juice, vegetable concentrate;
(*c*) vegetable soup, vegetable soup concentrate;
(*d*) spaghetti;
(*e*) mushrooms and mushroom soup;

which have been preserved by heat against decay in hermetically sealed containers.

2. (1) Any person who desires to be registered as an exporter of canned foodstuffs shall apply for such registration to the Secretary for Agricultural Economics and Marketing, in writing, and shall state the names and addresses of the canning establishments, if any, in which canned foodstuffs are manufactured by him.

(2) Before any person who has the control over any canning establishment or establishments in which canned foodstuffs are manufactured, may be registered as an exporter of canned foodstuffs, all such canning establishments under his control shall—

(*a*) have lighting and ventilation to the satisfaction of the said Secretary or an officer of his department designated by him to issue certificates of registration under this Proclamation;

(*b*) be equipped with satisfactory fly-proof screening to all outside doors, windows and other openings;

(*c*) be provided with equipment which is in a clean and hygienic state, and which has been installed in such a manner that it can be easily cleaned and be kept in a clean and hygienic state; and

(*d*) have provision for the regular removal of refuse and by-products.

No. R. 258, 1965.]

## REGISTRASIE VAN UITVOERDERS VAN INGEMAAKTE VOEDSEL, DIE INTREKKING VAN REGISTRASIESERTIFIKATE EN VERBOD OP DIE UITVOER VAN INGEMAAKTE VOEDSEL.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *ses* van die Wet op Uitvoer van Landbouprodukte, 1959 (Wet No. 10 van 1959), soos gewysig—

(1) gelas ek hierby dat enige persoon wat ingemaakte voedsel, soos in die Bylae hierby omskryf, uitvoer, by die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking as 'n uitvoerder van ingemaakte voedsel geregistreer moet wees;

(2) verbied ek hierby enige persoon om ingemaakte voedsel uit te voer tensy hy in besit is van 'n registrasiesertifikaat as 'n uitvoerder van ingemaakte voedsel, uitgereik deur die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking, of 'n deur hom aangewese beampte van sy departement, in die vorm uiteengesit in die Aanhangsel hiervan; en

(3) Skryf ek hierby voor die voorwaardes waaraan iemand moet voldoen alvorens hy aldus geregistreer kan word, die tydperk waarvoor so 'n registrasiesertifikaat geldig bly en die omstandighede waaronder so 'n sertifikaat ingetrek kan word, soos in die Bylae hierby uiteengesit.

Proklamasie No. 281 van 1957 word hierby herroep.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vyftiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

D. C. H. UYS.

### BYLAE.

1. „Ingemaakte voedsel" beteken die ingemaakte produkte bestaande uit—

(*a*) vrugte, vrugtemoes, vrugtesous, vrugtesap, vrugtesapkonsentraat, vrugtekonfyt en -konserf, jellie, marmelade;
(*b*) groente, groentepuree, groentepasta, groentesap, groentekonsentraat;
(*c*) groentesop, groentesopkonsentraat;
(*d*) spaghetti;
(*e*) sampioene en sampioensop;

wat deur middel van hitte teen bederf gevrywaar is in lugdigverseëlde houers.

2. (1) Iemand wat geregistreer wil word as 'n uitvoerder van ingemaakte voedsel moet skriftelik daarom aansoek doen by die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking, en moet in sy aansoek die name en adresse van die inmaakinrigtings, indien enige, waarin hy ingemaakte voedsel vervaardig, meld.

(2) Voordat iemand, wat beheer het oor 'n inmaakinrigting of -inrigtings waarin ingemaakte voedsel vervaardig word, as 'n uitvoerder van ingemaakte voedsel geregistreer kan word, moet al sodanige inmaakinrigtings onder sy beheer—

(*a*) se beligting en ventilasie tot bevrediging wees van genoemde Sekretaris of 'n beampte van sy departement deur hom aangewys om registrasiesertifikate ingevolge hierdie Proklamasie uit te reik;

(*b*) toegerus wees met bevredigende vliegdigte skerms aan alle buitedeure, vensters en ander openings;

(*c*) voorsien wees van toerusting wat in 'n skoon en higiëniese toestand is, en wat op so 'n wyse ingerig is dat dit maklik skoongemaak en in 'n skoon en higiëniese toestand gehou kan word; en

(*d*) voorsiening hê vir die gereelde verwydering van vullis en afvalprodukte.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



3. Any certificate of registration issued under this Proclamation shall remain valid up to and including the thirty-first day of October next succeeding the date of issue thereof, unless it is cancelled before that date in terms of paragraph 4.

4. Such a certificate of registration may be cancelled by the said Secretary at any time if during the period of validity thereof the exporter registered thereunder—

(*a*) fails to comply with any of the conditions mentioned in paragraph 2, in respect of any canning establishment in which canned foodstuffs are manufactured by him or fails to keep, at all times, any such canning establishment or the equipment thereof in a clean and hygienic state or permits any employee—

(i) who is suffering from a hand or face injury, suppurating skin infection or clinically recognizable infectious disease, or who is wearing a bandage, plaster or other protective covering for a hand injury or suppurating skin infection;
(ii) who is not wearing clean overalls and a clean and washable cap to cover the hair, both of which are in good repair;
(iii) with finger-nails which are not short and clean; or
(iv) who did not wash his hands with soap and water before he commenced work and after each absence from the manufacturing area of the canning establishment;

to be engaged in the preparation or the manufacture of canned foodstuffs, or permits spitting or the use of tobacco in any form or eating in the manufacturing area of the canning establishment; or

(*b*) exports canned foodstuffs manufactured in a canning establishment which is under the control of any person who is not the holder of a valid certificate of registration as an exporter of canned foodstuffs.

ANNEXURE.

CERTIFICATE OF REGISTRATION.—EXPORTER OF CANNED FOODSTUFFS (ACT No. 10 OF 1959, AS AMENDED).

It is hereby certified that..........................................
..........................................................................
of.......................................................................
..........................................................................
is registered as an exporter of canned foodstuffs.

This certificate is issued in terms of Proclamation No. R. 258 of 1965 and shall expire on the 31st October, ......, unless it is cancelled before that date.

Secretary for Agricultural Economics and Marketing.

3. Registrasiesertifikaat uitgereik ingevolge hierdie Proklamasie bly geldig tot en met die een-en-dertigste dag van Oktober wat volg op die datum van uitreiking daarvan, tensy dit voor daardie datum ingevolge paragraaf 4 ingetrek word.

4. So 'n registrasiesertifikaat kan te eniger tyd deur genoemde Sekretaris ingetrek word indien die uitvoerder wat daaronder geregistreer is gedurende die geldigheidsduur daarvan—

(*a*) in gebreke bly om ten opsigte van enige inmaakinrigting waarin hy ingemaakte voedsel vervaardig, enige van die voorwaardes in paragraaf 2 genoem, na te kom, of nalaat om enige sodanige inmaakinrigting of die toerusting daarvan te alle tye in 'n skoon en higiëniese toestand te hou of toelaat dat enige werknemer—

(i) wat 'n besering aan sy hande of gesig het, of wat aan etterende velontsteking of klinies-herkenbare besmetlike siekte ly, of wat 'n verband, pleister of ander beskermende bedekking om of op 'n besering aan sy hand of oor 'n etterende velontsteking dra;
(ii) sonder skoon en heel oorklere en 'n skoon en heel wasbare kappie wat die hare bedek;
(iii) met naels wat nie kort en skoon is nie; of
(iv) wat nie voor hy begin werk het en na elke afwesigheid uit die vervaardigingsgebied van die inmaakinrigting sy hande met seep en water gewas het nie;

besig gehou met die bereiding of vervaardiging van ingemaakte voedsel, of toelaat dat binne die vervaardigingsgebied van die inmaakinrigting gespoeg, of tabak in watter vorm ook al gebruik of geëet word; of

(*b*) ingemaakte voedsel uitvoer wat vervaardig is in 'n inmaakinrigting wat onder beheer is van enigiemand wat nie die houer is van 'n geldige registrasiesertifikaat as 'n uitvoerder van ingemaakte voedsel nie.

AANHANGSEL.

REGISTRASIESERTIFIKAAT.—UITVOERDER VAN INGEMAAKTE VOEDSEL (WET No. 10 VAN 1959, SOOS GEWYSIG).

Hierby word gesertifiseer dat..........................................
..........................................................................
van.......................................................................
geregistreer is as 'n uitvoerder van ingemaakte voedsel.

Hierdie sertifikaat is uitgereik ingevolge Proklamasie No. R. 258 van 1965 en verval op 31 Oktober ......, tensy dit voor genoemde datum ingetrek word.

Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking.

# GOVERNMENT NOTICES.

## DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

No. R. 1641.] [22 October 1965.

RHODES UNIVERSITY.—STATUTE AMENDMENT.

The Minister of Education, Arts and Science has, under and by virtue of the powers vested in him by sub-section (2) of section *seventeen* of the Universities Act, 1955 (Act No. 61 of 1955), approved the following amendments to the Statute of Rhodes University, published under Government

# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

## DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

No. R. 1641.]. [22 Oktober 1965.

RHODES UNIVERSITEIT.—WYSIGING VAN STATUUT.

Die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel *sewentien* van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysigings van die Statuut van Rhodes Universiteit, afgekondig by Goewermentskennisgewing No.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Notice No. R. 749 of 18th May, 1962, as amended by Government Notices No. R. 1933 of 23rd November, 1962, No. R. 1734 of 8th November, 1963, and No. R. 1786 of 6th November, 1964:—

1. The following paragraph is substituted for paragraph 7:—

"7. The Vice-Principal shall be appointed by the Council after consultation with the Senate and in consultation with the Principal, at an ordinary meeting of the Council, by an absolute majority of the total number of members of the Council actually holding office at the date of such meeting.".

2. The following paragraph is substituted for paragraph 9:—

"9. (1) For the purpose of paragraph *(h)* of sub-section (1) of section *seven* of the Act, municipalities shall be listed by the Council in three groups and each group shall elect one representative.

(2) One group shall comprise the municipality of King William's Town, one group shall comprise the municipality of Queenstown and one group shall comprise the municipalities of Uitenhage and Walmer.".

3. Paragraph 11 is amended by the substitution for the words "paragraph *(l)*" of the words "paragraph *(k)*".

4. Paragraph 14 is amended—

*(a)* by the substitution in sub-paragraph (7) (i) for the words "paragraph *(k)*" of the words "paragraph *(j)*"; and

*(b)* by the substitution in sub-paragraph (9) for the words "paragraph *(n)*" of the words "paragraph *(m)*".

5. Paragraph 19 is amended by the substitution in sub-paragraph (1) for the words "paragraph *(d)*" of the words "paragraph *(e)*".

6. The following paragraph is substituted for paragraph 20:—

"20. (1) A lecturer elected as a member of Senate in terms of paragraph *(f)* of sub-section (1) of section *eight* of the Act shall hold office for one calendar year from the first day of January and shall be eligible for re-election: Provided that such lecturer shall not be a member of Senate for a continuous period of more than three years.

(2) (i) In October each year the Registrar shall invite nominations for election of lecturers to the Senate for the ensuing year, which nominations shall be in writing and signed by at least two lecturers qualified to vote and by the nominee under his acceptance of the nomination.

(ii) Such nominations shall be lodged with the Registrar not later than a date appointed by him, which date shall not be earlier than one week after the date of the notice calling for nominations.

(3) (i) If the number of persons nominated is not greater than the number of lecturers to be elected, the Registrar shall forthwith declare these persons to have been duly elected.

(ii) If the number of persons nominated is greater than the number to be elected, the Registrar shall, as soon as may be after the date by which nominations had to be lodged, issue to every lecturer entitled to vote a voting paper containing the names of the candidates arranged in alphabetical order, which paper shall be returned by the lecturer in the special envelope provided for the purpose, so as to reach the Registrar not later than a date specified on the voting paper, which date shall not be earlier than one week after the date of issue thereof.

(iii) Only lecturers who are not already members of Senate in terms of paragraph *(g)* of sub-section (1) of section *eight* of the Act may vote at such election.

R. 749 van 18 Mei 1962, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No. R. 1933 van 23 November 1962, No. R. 1734 van 8 November 1963 en No. R. 1786 van 6 November 1964:—

1. Paragraaf 7 word deur die volgende paragraaf vervang:—

„7. Die Vise-Prinsipaal word deur die Raad aangestel, na oorlegpleging met die Senaat en in oorleg met die Prinsipaal, op 'n gewone vergadering van die Raad by wyse van 'n volstrekte meerderheid van die totale getal lede van die Raad wat op die datum van dié vergadering hul amp beklee.".

2. Paragraaf 9 word deur die volgende paragraaf vervang:—

„9. (1) Vir die toepassing van paragraaf *(h)* van subartikel (1) van artikel *sewe* van die Wet word munisipaliteite deur die Raad in drie groepe ingedeel en elke groep verkies een verteenwoordiger.

(2) Een groep bestaan uit die munisipaliteit van King William's Town, een groep bestaan uit die munisipaliteit van Queenstown en een groep bestaan uit die munisipaliteite van Uitenhage en Walmer.".

3. Paragraaf 11 word gewysig deur die woorde „paragraaf *(l)*" te vervang deur die woorde „paragraaf *(k)*".

4. Paragraaf 14 word gewysig—

*(a)* deur in subparagraaf (7) (i) die woorde „paragraaf *(k)*" te vervang deur die woorde „paragraaf *(j)*";

*(b)* deur in subparagraaf (9) die woorde „paragraaf *(n)*" te vervang deur die woorde „paragraaf *(m)*".

5. Paragraaf 19 word gewysig deur in subparagraaf (1) die woorde „paragraaf *(d)*" te vervang deur die woorde „paragraaf *(e)*".

6. Paragraaf 20 word deur die volgende paragraaf vervang:—

„20. (1) 'n Lektor wat ingevolge paragraaf *(f)* van subartikel (1) van artikel *agt* van die Wet tot Senaatslid verkies word, beklee sy amp een kalenderjaar lank vanaf die eerste dag van Januarie en is herkiesbaar: Met dien verstande dat dié lektor nie 'n Senaatslid vir 'n aaneenlopende termyn van meer as drie jaar mag wees nie.

(2) (i) Die Registrateur vra in Oktober van elke jaar nominasies vir die verkiesing van lektore tot die Senaat, en sodanige nominasies moet skriftelik wees en moet deur minstens twee lektore wat bevoeg is om te stem en deur die genomineerde onder sy aanneming van die nominasie onderteken word.

(ii) Sodanige nominasies moet by die Registrateur ingedien word nie later nie as 'n datum deur hom bepaal, en sodanige datum mag nie vroeër wees nie as een week na die datum van die kennisgewing waarby nominasies gevra word.

(3) (i) Indien die getal persone wat genomineer is nie meer is as die getal lektore wat verkies moet word nie, verklaar die Registrateur onverwyld dat hierdie persone behoorlik verkies is.

(ii) Indien die getal persone wat genomineer is meer is as die getal wat verkies moet word, reik die Registrateur so gou doenlik na die datum waarop nominasies ingedien moes gewees het aan elke lektor wat bevoeg is om te stem 'n stembriefie uit met die name van die kandidate daarop in alfabetiese orde gerangskik; sodanige stembriefie moet deur die lektor in die spesiale koevert vir die doel verskaf, teruggestuur word sodat dit die Registrateur nie later bereik nie as 'n datum op die stembriefie aangegee, en sodanige datum mag nie vroeër wees nie as een week na die datum van uitreiking daarvan.

(iii) Alleen lektore wat nie reeds lede van die Senaat ingevolge paragraaf *(g)* van subartikel (1) van artikel *agt* van die Wet is nie kan by sodanige verkiesing stem.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) (i) Whenever a member of Senate elected in terms of paragraph (*f*) of sub-section (1) of section *eight* of the Act vacates his seat before the expiry of his period of office for any reason, a new election shall be held as soon as possible, but in any event not later than four months after the vacancy occurs, and the provisions of sub-paragraphs (2) and (3) shall apply, *mutatis mutandis*, to such election.

(ii) A member elected at such election shall serve for the unexpired period of office of his predecessor.".

7. Paragraph 22 is amended —

(*a*) by the substitution for sub-paragraph (2) of the following sub-paragraph: —

"(2) A board of faculty shall consist of the Principal and the Vice-Principal *ex-officio*, the heads of such departments as may be designated by the Senate, and such other persons, whether they are members of the Senate or not, as may be appointed to the said board by the Senate with the approval of the Council."; and

(*b*) by the substitution for sub-paragraph (3) (i) of the English text of the following sub-paragraph: —

"(3) (i) The chairman of a board of faculty shall be designated the dean of the faculty and shall be appointed by the Senate on the recommendation of such board.".

## BUREAU OF STATISTICS.

No. R. 1642.] [22 October 1965.

REGULATIONS UNDER SECTION *TWELVE* OF THE STATISTICS ACT, 1957 (ACT No. 73 OF 1957) (AS AMENDED).

WHOLESALE AND RETAIL TRADE STATISTICS REGULATIONS.

The State President has, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), as amended by the Statistics Amendment Act, 1965 (Act No. 36 of 1965), made the following regulations in relation to the collection of wholesale and retail trade statistics in substitution for the regulations published under Government Notice No. R. 153 of the 31st January, 1964: —

1. For the purposes of these regulations—

(*a*) a trading establishment shall exist wherever goods (including farm produce and livestock) are sold, bartered, exchanged or transferred, or offered for sale, barter or exchange, irrespective of the purpose for which such goods are to be used;

(*b*) a trading firm shall exist wherever an individual, partnership, private limited liability company, public limited liability company, co-operative society or company, municipal or any other body owns one or more trading establishments;

(*c*) a wholesale trading firm or establishment shall be a trading firm or establishment which generally sells merchandise to dealers and distributors for resale or to purchasers for use or consumption in their own business;

(*d*) a retail trading firm or establishment shall be a trading firm or establishment which generally sells merchandise direct to consumers for personal or household use; and

(*e*) the person in charge of a trading firm or establishment shall be one of the following: —

(i) The person who owns a trading firm or establishment;

(4) (i) Wanneer 'n Senaatslid wat ingevolge paragraaf (*f*) van subartikel (1) van artikel *agt* van die Wet verkies is om enige rede sy amp voor verstryking van sy ampstermyn neerlê, word 'n nuwe verkiesing so gou as moontlik gehou, maar in elk geval nie later nie as vier maande nadat die vakature ontstaan het, en die bepalings van subparagrawe (2) en (3) is *mutatis mutandis* op sodanige verkiesing van toepassing.

(ii) 'n Lid wat by sodanige verkiesing verkies word, dien vir die onverstreke ampstermyn van sy voorganger.".

7. Paragraaf 22 word gewysig—

(*a*) deur subparagraaf (2) deur die volgende subparagraaf te vervang: —

„(2) 'n Fakulteitraad bestaan uit die Prinsipaal en Vise-Prinsipaal ampshalwe, die hoofde van sodanige departemente as wat die Senaat aanwys, en sodanige ander persone, afgesien daarvan of hulle Senaatslede is of nie, as wat die Senaat met die goedkeuring van die Raad in genoemde fakulteitraad aanstel."; en

(*b*) deur die vervanging van subparagraaf (3) (i) van die Engelse teks deur die volgende subparagraaf: —

„(3) (i) The chairman of the board of faculty shall be designated the dean of the faculty and shall be appointed by the Senate on the recommendation of such board.".

## BURO VIR STATISTIEK.

No. R. 1642.] 22 Oktober 1965.

REGULASIES KRAGTENS ARTIKEL *TWAALF* VAN DIE WET OP STATISTIEKE, 1957 (WET No. 73 VAN 1957) (SOOS GEWYSIG).

REGULASIES IN VERBAND MET GROOT- EN KLEINHANDELSTATISTIEKE.

Die Staatspresident het kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), soos gewysig by die Wysigingswet op Statistieke, 1965 (Wet No. 36 van 1965), die volgende regulasies in verband met die versameling van groot- en kleinhandelstatistieke ter vervanging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 153 van 31 Januarie 1964, uitgevaardig: —

1. Vir die toepassing van hierdie regulasies—

(*a*) bestaan 'n handelsinrigting waar ook al goedere (met inbegrip van plaasprodukte en lewende hawe) verkoop, verhandel, verruil, of oorgeplaas word of aangebied word om verkoop, verhandel of verruil te word, ongeag die doel waarvoor sodanige goedere gebruik sal word;

(*b*) bestaan 'n handelsfirma waar ook al 'n eenmansaak, vennootskap, private maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, publieke maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, koöperatiewe vereniging of maatskappy, munisipale of enige ander liggaam een of meer handelsinrigtings besit;

(*c*) is 'n groothandelfirma of -inrigting 'n handelsfirma of -inrigting wat gewoonlik handelsware verkoop aan handelaars en distribueerders vir herverkoop of aankopers vir gebruik of verbruik in hul eie besigheid;

(*d*) is 'n kleinhandelfirma of -inrigting 'n handelsfirma of -inrigting wat gewoonlik handelsware direk aan verbruikers vir persoonlike of huishoudelike gebruik verkoop; en

(*e*) is die persoon in beheer van 'n handelsfirma of -inrigting een van die volgende: —

(i) Die persoon wat die eienaar is van 'n handelsfirma of -inrigting;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(ii) the person who has been commissioned by the owner of a trading firm or establishment or the person who has otherwise been charged with the supervision, control, administration, direction or management of the affairs of such trading firm or establishment, as the case may be;

(iii) the person who may be considered as having been commissioned by the owner of a trading firm or establishment, or the person who may otherwise be considered as having been charged with the supervision, control, administration, direction or management of the affairs of such trading firm or establishment, as the case may be.

2. The person in charge of a trading firm or establishment, whether wholesale or retail, during the period or on the date to which a return or returns relate, as defined in paragraphs (*a*) and (*b*) of regulation 3, respectively, shall after having been requested thereto by the Director of Statistics and after a form or forms have been duly sent, delivered or tendered to him, render to the Director of Statistics, Pretoria, on such form or forms a return or returns, as defined in paragraphs (*a*) and (*b*) of regulation 3, respectively, containing all the particulars and information prescribed in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) of regulation 4, respectively, within the period or periods prescribed in paragraphs (*a*) and (*b*) of regulation 5, respectively.

3. The returns referred to in regulation 2 shall be the following viz.: —

(*a*) A monthly return of sales by trading firms in respect of the month of July, 1965, and in respect of every month thereafter, or, if the accounting month of the trading firm in question ended before the last day of any such month, in respect of every such accounting month.

(*b*) A quarterly return containing particulars in respect of—

(i) profit (or loss), interest, rent, dividends and income tax as well as capital expenditure on new assets for trading firms in respect of the quarters ended 30th June, 1965, and 31st March, 1965, and thereafter in respect of the quarters ended 30th September and 30th June, 31st December and 30th September, 31st March and 31st December and 30th June and 31st March of each year, or if the accounting month of the trading firm in question ended in any of the said months on a date prior to the last day thereof, then in respect of the quarter ended on the last day of such accounting month;

(ii) stocks on hand and, in the case of retail trading firms also outstanding trade debtors (hire purchase and other debtors) of trading firms as at 30th June, 1965, and 31st March, 1965, and thereafter as at 30th September and 30th June, 31st December and 30th September, 31st March and 31st December and 30th June and 31st March, respectively, of each year, or, if the accounting month of the trading firm in question ended in any of the said months on a date prior to the last day thereof, in respect of the last day of such accounting month.

4. The particulars and information referred to in regulation 2 shall be as follows: —

(*a*) Monthly return of sales by wholesale trading firms: —

(i) The registered name or trading name and address or post office box address (if any) of the reporting trading firm;

(ii) the period to which the return relates;

(iii) the value of the total sales of merchandise by all wholesale trading establishments (branches) of the trading firm during the period covered by the return;

(ii) die persoon wat deur die eienaar van 'n handelsfirma of -inrigting gemagtig is, of die persoon wat andersins belas is met die toesig, beheer, administrasie, leiding of bestuur van die sake van sodanige handelsfirma of -inrigting na gelang van die geval;

(iii) die persoon wat geag kan word deur die eienaar van 'n handelsfirma of -inrigting gemagtig te wees, of die persoon wat andersins geag kan word belas te wees met die toesig, beheer, administrasie, leiding of bestuur van die sake van sodanige handelsfirma of -inrigting, na gelang van die geval.

2. Die persoon in beheer van 'n handelsfirma of -inrigting, hetsy groot- of kleinhandel, gedurende die tydperk of op die datum waarop 'n opgawe of opgawes betrekking het, soos omskryf in onderskeidelik paragrawe (*a*) en (*b*) van regulasie 3, moet, nadat hy deur die Direkteur van Statistiek daartoe versoek is en nadat 'n vorm of vorms behoorlik aan hom gestuur, afgelewer of aangebied is, aan die Direkteur van Statistiek, Pretoria, op sodanige vorm of vorms 'n opgawe of opgawes, soos omskryf in onderskeidelik paragrawe (*a*) en (*b*) van regulasie 3, wat al die besonderhede en inligting voorgeskryf in onderskeidelik paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) van regulasie 4 bevat, binne die tydperk of tydperke voorgeskryf in onderskeidelik paragrawe (*a*) en (*b*) van regulasie 5, verstrek.

3. Die opgawes in regulasie 2 genoem, is soos volg, naamlik: —

(*a*) 'n Maandelikse opgawe van verkope deur handelsfirmas met betrekking tot die maand Julie 1965, en met betrekking tot elke maand daarna, of indien die boekmaand van die betrokke handelsfirma voor die laaste dag van sodanige maand geëindig het, dan met betrekking tot elke sodanige boekmaand.

(*b*) 'n Kwartaallikse opgawe wat besonderhede bevat ten opsigte van—

(i) wins (of verlies), rente, huurgeld, dividende en inkomstebelasting asook kapitaaluitgawes op nuwe bates vir handelsfirmas met betrekking tot die kwartale geëindig 30 Junie 1965 en 31 Maart 1965 en daarna met betrekking tot die kwartale geëindig 30 September en 30 Junie, 31 Desember en 30 September, 31 Maart en 31 Desember en 30 Junie en 31 Maart van elke jaar of, indien die boekmaand van die betrokke handelsfirma in enige van die genoemde maande op 'n datum voor die laaste dag daarvan geëindig het, dan met betrekking tot die kwartaal geëindig op die laaste dag van sodanige boekmaand;

(ii) voorrade voorhande en in die geval van kleinhandelfirmas ook uitstaande handelsdebiteure (huurkoop- en ander debiteure) van handelsfirmas soos op die 30ste Junie 1965 en die 31ste Maart 1965 en daarna soos op onderskeidelik die 30ste September en 30ste Junie, 31ste Desember en 30ste September, 31ste Maart en 31ste Desember en 30ste Junie en 31ste Maart van elke jaar of, indien die boekmaand van die betrokke handelsfirma in enige van die genoemde maande op 'n datum voor die laaste dag daarvan geëindig het, dan soos op die laaste dag van sodanige boekmaand.

4. Die besonderhede en inligting in regulasie 2 genoem, is soos volg: —

(*a*) Maandelikse opgawe van verkope deur groothandelfirmas: —

(i) Die geregistreerde naam of handelsnaam en adres of posbusadres (indien daar een is) van die handelsfirma wat die opgawe verstrek;

(ii) die tydperk waarop die opgawe betrekking het;

(iii) die waarde van die totale verkope van handelsware deur alle groothandelinrigtings (takke) van die handelsfirma gedurende die tydperk wat deur die opgawe gedek word;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(iv) the number of wholesale trading establishments (branches) covered by the return;

(v) the names and addresses of new wholesale trading establishments (branches) opened during the period to which the return relates; and

(vi) the signature and capacity of the person rendering the return and the date on which the return was completed.

(*b*) Monthly return of sales by retail trading firms: —

(i) The registered name or trading name and address or post office box address (if any) of the reporting trading firm;

(ii) the period to which the return relates;

(iii) the value of the total sales of merchandise by all retail trading establishments (branches) of the trading firm in each magisterial district and area indicated on the form, during the period covered by the return;

(iv) the number of retail trading establishments (branches) in each magisterial district and area covered by the return;

(v) the names and addresses of new retail trading establishments (branches) opened during the period to which the return relates; and

(vi) the signature and capacity of the person rendering the return and the date on which the return was completed.

(*c*) Quarterly return by wholesale and retail trading firms: —

(i) The registered name or trading name and address or post office box address (if any) of the reporting trading firm;

(ii) the closing date of the quarter to which the return relates;

(iii) amounts in respect of interest, dividends and rent received, interest and dividends paid; rent paid on hired land, buildings, plant, transport and other equipment; income tax actually paid; and net profit or loss for the quarter under review, as well as revised figures for the said items in respect of the preceding quarter;

(iv) particulars in respect of capital expenditure on new assets during the quarter to which the return relates, as well as revised figures in respect of the preceding quarter;

(v) total value of stocks of merchandise on hand at the closing date of the quarter to which the return relates as well as revised figures in respect of the preceding quarter;

(vi) in the case of retail trading firms particulars in respect of outstanding trade debtors, broken up between hire-purchases and other debtors, on the closing date of the quarter to which the return relates, as well as revised figures in respect of the preceding quarter; and

(vii) the signature and capacity of the person rendering the return, and the date on which the return was completed.

5. The periods referred to in regulation 2 shall be the periods within which the returns shall be posted to the Director of Statistics, Pretoria, and shall be as follows: —

(*a*) Monthly return: Within ten days of the end of the period covered by the return.

(*b*) Quarterly return: Within thirty days of the end of the quarter to which the return relates.

6. The person in charge of a trading firm or establishment, who, after having been requested in terms of regulation 2, without reasonable cause fails to comply with these regulations, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand, and in the case of a continuing failure to comply therewith, to a fine not exceeding two rand for every day during which such failure continues.

(iv) die getal groothandelinrigtings (takke) wat deur die opgawe gedek word;

(v) die name en adresse van nuwe groothandelinrigtings (takke) wat gedurende die tydperk wat deur die opgawe gedek word, gestig is; en

(vi) die handtekening en hoedanigheid van die persoon wat die opgawe verstrek, asook die datum waarop die opgawe ingevul is.

(*b*) Maandelikse opgawe van verkope deur kleinhandelfirmas: —

(i) Die geregistreerde naam of handelsnaam en adres of posbusadres (indien daar een is) van die handelsfirma wat die opgawe verstrek;

(ii) die tydperk waarop die opgawe betrekking het;

(iii) die waarde van die totale verkope van handelsware deur alle kleinhandelinrigtings (takke) van die handelsfirma in elke landdrosdistrik en gebied aangedui op die vorm, gedurende die tydperk wat deur die opgawe gedek word;

(iv) die getal kleinhandelinrigtings (takke) in elke landdrosdistrik en gebied wat deur die opgawe gedek word;

(v) die name en adresse van nuwe kleinhandelinrigtings (takke) wat gedurende die tydperk waarop die opgawe betrekking het, gestig is; en

(vi) die handtekening en hoedanigheid van die persoon wat die opgawe verstrek, asook die datum waarop die opgawe ingevul is.

(*c*) Kwartaallikse opgawe deur groot- en kleinhandelfirmas: —

(i) Die geregistreerde naam of handelsnaam en adres of posbusadres (indien daar een is) van die handelsfirma wat die opgawe verstrek;

(ii) die einddatum van die kwartaal waarop die opgawe betrekking het;

(iii) bedrae ten opsigte van rente, dividende en huur ontvang; rente en dividende betaal; huur betaal op grond, geboue, installasie, vervoeren ander uitrusting; inkomstebelasting werklik betaal; en netto wins of verlies vir die verslagkwartaal, asook gewysigde syfers vir genoemde items ten opsigte van die vorige kwartaal;

(iv) besonderhede ten opsigte van kapitaaluitgawes aan nuwe bates gedurende die kwartaal waarop die opgawe betrekking het, asook gewysigde syfers ten opsigte van die vorige kwartaal;

(v) totale waarde van die voorrade handelsware voorhande op die einddatum van die kwartaal waarop die opgawe betrekking het, asook gewysigde syfers ten opsigte van die vorige kwartaal;

(vi) in die geval van kleinhandelfirmas besonderhede ten opsigte van uitstaande handelsdebiteure, onderskei tussen huurkoop- en ander debiteure, op die einddatum van die kwartaal waarop die opgawe betrekking het, asook gewysigde syfers vir die vorige kwartaal; en

(vii) die handtekening en hoedanigheid van die persoon wat die opgawe verstrek, asook die datum waarop die opgawe ingevul is.

5. Die tydperke in regulasie 2 genoem, is die tydperke waarin die opgawes aan die Direkteur van Statistiek, Pretoria, gepos moet word en moet soos volg wees: —

(*a*) Maandelikse opgawe: Binne tien dae na die einde van die tydperk wat deur die opgawe gedek word.

(*b*) Kwartaallikse opgawe: Binne dertig dae na die einde van die kwartaal waarop die opgawe betrekking het.

6. Die persoon in beheer van 'n handelsfirma of -inrigting wat, nadat hy kragtens regulasie 2 daartoe versoek is, sonder redelike oorsaak versuim om aan hierdie regulasies te voldoen, begaan 'n oortreding en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand en, in die geval van 'n voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens twee rand vir elke dag wat die versuim voortduur.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS.

No. R. 1639.] [22 October 1965.

AMENDMENT OF TELEPHONE REGULATIONS.

The State President has been pleased under the provisions of sub-section (4) of section *two* and of section *three* of Act No. 44 of 1958, to approve of the following amendment of the Telephone Regulations:—

*Telephone Regulation* 37.

1. After "Amanzimtoti," insert "Bank," with effect from the 13th November, 1965.
2. Delete "Blyvooruitsig,".
3. After "Carletonville," delete the comma and insert "(including Blyvooruitsig),".
4. After "Queenstown," insert "Rysmierbult," with effect from the 13th November, 1965.
5. After "Welkom" insert a comma and "Welverdiend," with effect from the 13th November, 1965.

*Telephone Regulation* 40.

Under "(i) Witwatersrand Exchange System embracing—," after "Zone B: Florida, Iketlo, Kliptown, Orlando, Roodepoort;" insert the following with effect from the 13th November, 1965:—

"Zone C: Honeydew, Muldersdrif;".

## DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEGRAAFWESE.

No. R. 1639.] [22 Oktober 1965.

WYSIGING VAN TELEFOONREGULASIES.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van subartikel (4) van artikel *twee* en van artikel *drie* van Wet No. 44 van 1958, sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysiging van die Telefoonregulasies:—

*Telefoonregulasie* 37.

1. Voeg, met ingang van 13 November 1965, "Bank," na "Amanzimtoti," in.
2. Skrap "Blyvooruitsig,".
3. Skrap die komma na "Carletonville," en voeg "(met inbegrip van Blyvooruitsig)," in.
4. Voeg, met ingang van 13 November 1965, "Rysmierbult," na "Queenstown," in.
5. Voeg, met ingang van 13 November 1965, 'n komma en "Welverdiend," na "Welkom" in.

*Telefoonregulasie* 40.

Voeg, met ingang van 13 November 1965, onder "(i) Die Witwatersrandse sentralestelsel," na "Sone B.—Florida, Iketlo, Kliptown, Orlando, Roodepoort;" die volgende in:—

"Sone C.—Honeydew, Muldersdrif;".

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING.

No. R. 1651.] [22 October 1965.

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING AND PACKING OF FRESH VEGETABLES INTENDED FOR PROCESSING IN A FACTORY.

The State President has, under the powers vested in him by section *forty-three* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, made the regulations, set out in the Schedule hereto, relating to the grading and packing of fresh vegetables intended for processing in a factory in substitution of the regulations published under Government Notices No. 440 of the 7th March, 1952, and No. 1219 of the 12th August, 1960.

These regulations have been made for the purpose of the prohibition on the sale of fresh vegetables, intended for processing in a factory, in the Republic of South Africa, imposed in terms of section *thirty-six* of the said Act.

*Definitions.*

1. In these regulations unless inconsistent with the context—

(i) "diameter" means the greatest diameter measured at right angles to the longitudinal axis of the vegetable; (i)

(ii) "factory" has the same meaning as the meaning assigned thereto in section *three* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941 (Act No. 22 of 1941), as amended; (ii)

(iii) "freshly harvested" means that the vegetables were harvested so recently that the processing quality thereof has not been impaired by the lapse of time from the harvesting thereof until the delivery and acceptance thereof at a factory for the purpose of its processing therein; (vii)

(iv) "inspector" means a person designated in terms of sub-section (1) of section *thirty-seven* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, to perform the functions referred to in sub-section (2) of that section in respect of fresh vegetables, intended for processing in a factory; (v)

(v) "over-ripe", in relation to a tomato, means that the tomato is so soft that it cannot withstand normal handling in a factory; (vi)

(vi) "processing" means canning, jam making or pulping; (viii)

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING.

No. R. 1651.] [22 Oktober 1965.

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING EN VERPAKKING VAN VARS GROENTE BESTEM VIR VERWERKING IN 'N FABRIEK.

Die Staatspresident het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie-en-veertig* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, die regulasies, soos in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgevaardig met betrekking tot die gradering en verpakking van vars groente bestem vir verpakking in 'n fabriek, ter vervanging van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 440 van 7 Maart 1952 en No. 1219 van 12 Augustus 1960.

Hierdie regulasies is gemaak vir die doel van die verbod wat kragtens artikel *ses-en-dertig* van genoemde Wet geplaas is op die verkoop in die Republiek van Suid-Afrika van vars groente bedoel vir verwerking in 'n fabriek.

*Woordomskrywings.*

1. In hierdie regulasies, tensy dit in stryd is met die samehang, beteken—

(i) „deursnee", die grootste deursnee reghoekig met die lengtes van die groente gemeet; (i)

(ii) „fabriek", dieselfde as wat dit beteken ingevolge artikel *drie* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941 (Wet No. 22 van 1941), soos gewysig; (ii)

(iii) „goed gevorm", dat die betrokke groente 'n vorm het wat normaalweg verteenwoordigend is van die besondere soort en variëteit groente; (viii)

(iv) „groente", beet, geelwortels, groenbone, groenerte, suikermielies, tamaties of aspersies wat vars is en bestem is vir verwerking in 'n fabriek; (vii)

(v) „inspekteur", 'n persoon aangewys ingevolge subartikel (1) van artikel *sewe-en-dertig* van die Bemarkingswet (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, om die werksaamhede genoem in subartikel (2) van daardie artikel ten opsigte van vars groente, bestem vir verwerking in 'n fabriek, te verrig; (iv)

(vi) „oorryp", met betrekking tot 'n tamatie, dat die tamatie so sag is dat dit nie die gewone hantering in 'n fabriek kan weerstaan nie; (v)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(vii) " vegetables " means fresh beetroot, carrots, green beans, green peas, sweetcorn, tomatoes or asparagus which are intended for processing in a factory; (iv)

(viii) " well-formed " means that the vegetable concerned is of a shape which is normally representative of the particular kind and variety of vegetable. (iii)

*Grades.*

2. Vegetables shall be graded according to one or other of the following three grades: —

Grade I, Grade II or undergrade.

*Grades for Beetroot.*

3. (1) Grade I vegetables shall in the case of beetroot comply with the following requirements: —

(*a*) The beetroot shall be of a variety which is suitable for canning;

(*b*) the beetroot shall be freshly harvested, young, tender and well-formed, and the flesh thereof shall be of a dark red colour, free from visible zoning;

(*c*) the beetroots shall be of a diameter which shall not be smaller than 1¼ inches nor greater than 2½ inches: Provided that the diameter of not more than 10 per cent by weight of the beetroots in any consignment may be smaller or greater than such minimum or maximum diameter respectively, on condition that no beetroot shall be of a diameter which is smaller or greater by more than ¼ inch than such minimum or maximum diameter, as the case may be;

